



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE
GOUDLAND

Johan Brink

VOORSITTER: SINODALE BESTUURSKOMMISSIE

9 Nov. 2020

DANKIE Goudland vir julle omgee as kerk

Leraars, Kerkrade en Skribas,

Die SBK Dagbestuur wil graag ons gemeentes hartlik bedank vir almal wat die afgelope twee weke 'n spesiale kollekte gehou het vir die rampfonds vir die boere wat deur die veldbrande geraak is.

Ons kon verlede week R 265 000,00 oorbetal aan Agri Noordwes wat die geld saam met "Manna vir die Boere" aangewend het. (Ons sluit hulle dankbrief in)

Manna vir die Boere bestaan uit verskillende organisasies wat hande gevat het vir die boere wat deur die brande geraak is asook die gebiede waar daar steeds droogte is.

Ons fondse is aangewend om diere aan te koop vir die boere wat hulle kuddes verloor het en om voer aan te ry vir die boere in nood.

Die terugvoer wat ons uit verskillende gemeentes gekry het wat self hulp gegee het bring ons by die berekening dat NG Kerk Goudland die afgelope maand meer as R 400 000 se hulp gegee het aan boere in nood.

Baie dankie weereens vir almal wat hulle harte en hande oopgemaak het.

Indien daar nog bydraes is kan julle dit inbetaal by Goudland se kerkkantoor by Classina.

Vriendelike groete in Christus,

Ds. Johan Brink
namens die SBK Dagbestuur